## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

| | |
|---|---|
| **Sondag:** | Johan de Waal, Milla Greeff, Kyle McLeod, Mary Woudberg. |
| **Dinsdag:** | Stefan Janse van Rensburg, Ria Jansen, Miecke Latsky, Babie Marais, Marilie Oberholzer, Henning Olivier, Anli Venter. |
| **Vrydag:** | Inge Esterhuyse, Esther Nothnagel, Jan Visser. |
| **Saterdag:** | Hester Kritzinger, Egbert Swanepoel. |

### HELDERBERG SENIORKLUB

Dinsdag 4 Junie 2024 om 9:00
By Kerk Helderberg
*Koste:* Lede: R10/ Besoekers R20
***SPREKER: Dr Francois du Toit***
Hy vertel van die wedervaringe van 'n predikantspaar se werk en lewe in Brittanje en Europa oor 6½ jaar
Ons nooi alle afgetredenes hartlik uit.Almal baie welkom!
Navrae: Apolonia Maritz:
021-8537560 / 0825077091

### BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS

Donderdag, 6 Junie 2024, om 9:50
By NG Moederkerk Somerset Wes (Andries Pretoriusstraat)
**Mnr Theo Rix van Blue Crane Begrafnisdienste** kom gesels met ons oor die prosesse betrokke by begrafnisse. Hy sal ook van sy interessante belewenisse as ondernemer vertel.
Almal welkom!
Verversings vanaf 9:25.
Lede: R10/Besoekers: R20

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.

**Leraars:** Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

**SONDAG 26 MEI 2024**

### *WELKOM BY DIE EREDIENS OP DRIE-EENHEID-SONDAG*

| | |
|---|---|
| 09:00: | HENNIE FOUCHÉ |
| SKRIFLESING: | JESAJA 6:1 - 8 |
| TEMA: | OM IN DIE VERKIESINGSJAAR ... VIR GOD TE SIEN |

Kom drink gerus tee na die diens en kuier met mekaar.

### Vandag se deuroffer: Free to serve

Free To Serve se bediening, onder leiding van dr Johann en Elna Snyman, is gefokus op die sogenaamde 10/40 venster waar die oorgrote meerderheid van mense woon wat nog nie deur die evangelie van Jesus Christus bereik is nie. Hulle werk die afgelope ongeveer 27 jaar in Noord Indië en Indo China (Thailand, Myanmar, Laos, China). In Suid Afrika is 'n kleiner bediening onder kinders in die landelike gemeenskap rondom Stellenbosch.

Daar is tans ongeveer 80 wees- en verstote kinders onder FTS se sorg in bogenoemde lande, byna die helfte daarvan in Mianmar. Die kinders woon tans by pastors en medewerkers van FTS waar hulle in 'n liefdevolle familie omgewing grootword en blootgestel word aan goeie akademiese en geestelike opvoeding en aktiwiteite.

Die bediening van die evangelie aan onbereikte mense in hierdie lande bring noodwendig mee dat die pastors gekonfronteer word met die probleem van kinders wat nie 'n heenkome het nie. Baie van hulle word ongelukkig opgeneem in die misdaad en seks bedryf in hierdie lande en voorsien ook soms so 'n inkomste aan hulle ouers. Free to Serve het reeds vir die afgelope meer as 25 jaar probeer om vir soveel moontlik van hierdie kinders 'n beter toekoms te skep. Fondse om te verseker dat hierdie bediening voortgaan bly 'n voortdurende uitdaging.

U bydrae vir vandag se deuroffer sal gebruik word om hierdie bediening se fondse aan te vul. Vir meer inligting oor Free to Serve se bediening, kontak gerus vir Andre du Toit by 083 675 6932

### Volgende week se deuroffer: Instandhouding van geboue

**Kom drink tee saam met bekende en minder bekende gemeentelede.** Ons het aan die begin van 2024 met hierdie byeenkomste begin en sowat vyftig mense het reeds die verskillende geleenthede benut om nuwe mense te ontmoet, of om name by bekende gesigte te plaas. Byna sonder uitsondering getuig mense van die waarde wat dit het om meer mense te leer ken. Dit het ook al gebeur dat sommige van hierdie mense, wat mekaar nie vantevore geken het nie, daarna geleenthede geskep het om saam koffie te gaan drink, of net saam te kuier.

Laat weet gerus as jy een van hierdie byeenkomste wil bywoon. Ons probeer die groep beperk tot tien mense per geleentheid, sodat ons genoeg tyd met mekaar kan spandeer.

Merk die res van die jaar se geleenthede, en besluit sommer nou al wanneer jy dit wil bywoon - **op Dinsdagoggende om 10:00**

| | | |
|---|---|---|
| 28 Mei | 3 September | 12 November |
| 23 Julie | 8 Oktober | 26 November |
| 13 Augustus | 22 Oktober | |

Of jy al lankal 'n lidmaat is, of eers onlangs deel van ons geraak het - jy is baie welkom.

## Die Skriba-pos in ons gemeente

Nadat Rencia van Wyk bedank het as skriba, omdat sy 'n ander pos aanvaar het, het die kerkraad die verskillende administratiewe poste weer evalueer en het begin met 'n proses om die skriba-pos en die admin/ontvangs-pos te laat saamsmelt, sodat dit voortaan net een pos sal wees, naamlik dié van skriba.

Hierdie pos is aan Yolandi de Leeuw den Bouter, wat die afgelope aantal jaar die admin/ontvangs-pos gevul het, aangebied, en sy het dit aanvaar. Sy begin op 1 Junie 2024 met hierdie pos.

Die skriba gaan voortaan langer ure werk, maar die kantoor sal dieselfde ure as tans oop wees vir die publiek. In die sg "toe-ure" sal sy met skriba-werk besig wees.

Ons groet op Sondag 2 Junie vir Rencia as ons skriba, maar gelukkig nie as gemeentelid nie

## Waar kan ek dalk help?




- Het jy dalk **oorskiet lap**? Alta Vorster wil graag vir die inwoners van Mount View nuwe borslappe maak (stukke lap van 45cm of groter asb.) Kom gee dit gerus by die kerkkantoor af.
- Aanhouwen het 'n dringende behoefte aan **winterklere** (vir mans en dames), asook **gordyne en komberse**. Enige wit olifante is ook altyd handig vir hulle vir ekstra fondse.
- Heartlands Baby Sanctuary het 'n dringende behoefde aan **Infacare formule melk #1 & #2**
- Leesondersteuning is nodig vir Sir Lowryspas leerders wat in die infromele strukture woon. Indien enige iemand **kinder– en jeugleesboeke of enige lees-materiaal** het om te skenk, sodat lees aangemoedig kan word, kan jy dit gerus by die kerkkantoor aflaai.

## Bybelstudie in die Familiekamer op Woensdae

Ons vergader op **Woensdae, 08:45 - 09:45 in die familiekamer** en is tans besig met die Jakobus-brief.

Geen byeenkoms eerskomende Woensdag - a.g.v. Verkiesingsdag

## Gebed vir die Verkiesingsweek

Heer, ons dink aan (Suid)Afrika,
waar U ook regeer.
Raak die harde harte aan
om tot U te keer.
Laat u koninkryk hier kom
en u wil geskied.
Hoor ons pleit vir (Suid)Afrika,
Vader, as ons vra.

Bring die liefde van ons Heer
na die mense wat hier woon.
Seën (Suid) Afrika.
Laat ons saam in vrede woon.

